# Musiek Onder die Afrikaners.

Deur Gideon Fagan.

'n PAAR dae gelede het ek 'n lang gesprek gehad met een van die prominente Engelse musisie van ons land. Hy is 'n vérgevorderde man, wie se woord 'n mens nie somar sonder dink kan laat verbyglip nie. En ek moet sê ek het so erg aan die dink geraak ná ek van hom weg is, dat ek die nag met 'n swaar hoofpyn aan slaap geraak het, ná ek eers tot sowat drieuur in die oggend in my bed rondgedraai het. Hierdeur kan die algemene publiek oordeel hoe ongewoond ons arme musisie is aan swaar, ernstige gedagtes!

,,Hoekom,'' het ek hom gevra, ,,is daar in die meeste van ons belangrike musikale inrigtinge geen Afrikaanse medium nie, en hoekom is daar selfs, in die belangrikste van dié inrigtinge, geen mens wat die studente deur middel van Afrikaans te hulp kan kom nie?''

Sy antwoord was die ding wat my laat wakker lê het.

,,Die Afrikaners,'' het hy gesê, ,,kan op die oomblik nie die musikale standaard bereik wat in dié inrigtinge vereis word nie!''

Die man het my byna dronkgeslaan!

Voor ek, in die volgende artiekels, ons saak begin prys—en ek het baie om ten gunste daarvan te sê—, wil ek hom eers slegsê, sodat, op die einde van die artiekels, die goeie smaak in die mond kan bly en nie die sure nie. Maar lees dan asseblief weer die artiekels agterstevoor deur, sodat die vermaninge nie deur die heuning kan verdoof word nie.

Ek gaan begin met die gehoor van die Kaapse Orkes, wat, terwyl dit die beste standaard van musikale uitvoering is wat in die suide van ons land met gereeldheid plaasvind, as die toepaslikste middel vir beoordeling kan beskou word. Wat die noorde betref, het ek nog geen geleentheid gehad om persoonlike ondersoek in te stel nie.

Die lys van intekenaars vir gereëlde bywoning van die konserte van die Kaapse Orkes, bevat 'n onbegryplike meerderheid van Engelssprekendes. Ek wil hieroor 'n woord van ernstige waarskuwing uit.

Gedurende die jare dat ek aan die ,,Royal College of Music'' in Londen studeer het, het ek heelwat geleer; maar as iemand gekom en al die konserte en uitvoeringe wat ek in die groot sale van Europa gehoor het, weggeneem het, sou ek van die ,,Royal College'' maar min opvoeding gekry het. Tegnies, ja. Daarvan kan hulle vir my alles leer wat my vuurmaakplek ooit gedurende my studentejare kon gehaal het. Maar 'n musikale opvoeding rus met sy hele gewig op sy omgewing, sy atmosfeer en alles —om dit nou so uit te druk—wat met die temperament van die kuns te doen het. *Tegniek is die noodsaaklike middel waarmee 'n kunstenaar sy temperament in gebalanseerde werking stel; sonder die een is die ander hulpeloos.* 'n Musikus sonder temperament is, soos ons almal weet, 'n dooie, oninteressante ding; en 'n musikus sonder die tegniek om sy temperament in werking te stel, word naderhand 'n ongebalanseerde las vir sy medemense; want sy binneste gevoelens gee altyd vir hom die idee dat hy wonderlik is, en dan laat die tegniek vir hom in die steek presies op die puntjie waar ander mense sy wonderlikheid sou kon insien.

Hiervan kry ons dan die eerste noodsaaklike beginsel, nl. dat temperament (d.w.s. natuurlike musikale gevoel) en tegniek van absoluut gelyke noodsaaklikheid is vir die professionele musikus. Daar is in ons land veels te veel mense wat tevrede is met òf die een òf die ander.

Tegniek is, op elke gebied, 'n ding wat met die harsings te doen het—d.w.s. enige mens met goeie harsings kan tegniek leer.

Temperament is 'n ding wat met die hart te doen het; maar die hart is nie soos die harsings, wat nuwe gevoelens kan leer nie: die gevoelens word gebore. Die algemene publiek besit dus die natuurlike, gebore gevoelens, terwyl die professionele musikus by dié gevoelens nog die studie van tegniek moet voeg.



Mnr. Gideon Fagan.

Maar met die temperament kom ons op 'n punt waar baie mense 'n groot fout begaan. Hulle is van gedagte dat, juis omdat die hart nie kan geleer word soos die harsings nie, die blote feit dat iemand met temperament gebore is, genoeg is. 'n Mens kan net so goed beweer dat die feit dat die mensdom by geboorte van twee bene voorsien is, genoeg is. Maar as die bene nie groei en deur oefening van eers kruip en dan staan en dan loop ontwikkel word nie, sal hulle ook maar van bloedweinig waarde wees vir praktiese gebruik. Net so met temperament. Dit moet deur al die stadiums van versigtige ontwikkeling gaan.

Tegniek, het ons gesê, is 'n ding van die harsings—dus moet elke mens die tegniek van sy eie vak bestudeer. Die boer leer van kleins af in watter tyd van die jaar seker gewasse en bome in die grond moet geplant word, en hoe hy te werk moet gaan om die plante aan groei te hou en die beste vrugte van hulle te verkry. Kan ons van die boer, wat sy eie werk het, verwag dat hy daarby nog musikale tegniek moet bestudeer? Natuurlik nie! Maar hy wil, net soos 'n ander mens, van die musikale vrugte eet, op dieselfde manier as wat ander mense sy tuin se vrugte geniet. In sy tuin kweek hy die beste vrugte, en pas hulle op soos 'n vader sy kinders, omdat hy alte goed weet dat alleen die beste van enige waarde is. Dieselfde met musikale sake. As ons ten slotte goed wil ontwikkel, moet ons besef hoe noodsaaklik dit is dat die fondament van 'n huis sy hele gewig moet dra, en dat daarom alleen net die beste stene mag gebruik word—met ander woorde, ons moet nie tweedeklas musisie aanmoedig nie.

Die ontwikkeling van smaak vir snoepen soetgoed is al van Adam se tyd af aan die gang, en selfs nou kry ons nog mense wat, soos ons altyd sê, ,,nie weet wat lekker is nie!'' Maar as gevolg van die ontwikkeling deur al die eeue weet die groot meerderheid van die mensdom al goed wat met hulle smaak ooreenkom, en wat nie aangenaam in die mond is nie. Had hulle nie alles wat op die wêreld groei, keer op keer geproe nie, sou hulle dit ook nooit geweet het nie.

Aan die ander kant is daar dinge wat nie juis lekker smaak nie, maar wat geblyk het goed te wees vir die menslike gestel. Die eerste keer dat ons sulke goed in ons mond kry, wil ons baiekeer byna agteroorslaan van benoudheid; maar, omdat dit vir ons goed is, eet ons dit weer, en ten slotte kweek ons die smaak daarvoor aan. Hoekom moet ons dan al die moeite doen om dié smaak aan te kweek? Omdat die geskiedenis van die menslike beskawing en ontwikkeling sê dit is goed vir ons. En die man wat die geskiedenis bestudeer het, hoort dan ook by uitstek die persoon te wees wat ons die nodige voorligting kan gee.

Deur ons eie musikale temperament te ontwikkel en 'n goeie kunssmaak by ons volk aan te kweek, lê ons 'n hegte fondament vir 'n gesonde toekoms. Ons het natuurlik alreeds baie goeie musikale smaak in ons land, maar daar is te veel van die mense wat ,,nie weet wat lekker is nie.'' En daarom gaan ons nie na die uitvoeringe van die Kaapse Orkes nie (om maar een voorbeeld te noem); daarom kweek ons nie die smaak aan nie; daarom ontwikkel ons nie ons temperament nie; en daarom sê my Engelse kollega dat ons nie die standaard kan bereik nie. Intussen gaan die Engelssprekendes na die konserte, en hulle smaak word ontwikkel.

Is my waarde kollega nou verkeerd, of is hy reg?

Kom ons gaan ook na die konserte, en laat ons ons smaak ontwikkel en vir hom wys!

Een ding kan 'n Afrikaner nog doen: Hy kan gou leer. Maar hy is ook nog 'n mens, met die grense van menslike moontlikhede, en derhalwe moet hy nie wag om te begin tot dit te laat is om nog die ander in te haal nie.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012